Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord Kaapse Afdeling)

Saakno: 362/2002
Datum Verhoor: 2003-03-19
Datum Gelewer: 2003-03-28

In die saak van:

**HARTSWATER HOTELS BK** **APPLIKANT**

(voorheen HARTSWATER HOTELS (PTY) LTD. h/a HARTSWATER STADSAAL)

*versus*

**DIE DRANKRAAD VAN DIE NOORD-KAAP** **EERSTE RESPONDENT**

**DIE VOORSITTER VAN DIE DRANKRAAD VAN DIE NOORD-KAAP** **TWEEDE RESPONDENT**

**MOCHACHOS HARTSWATER (PTY) LTD** **DERDE RESPONDENT**

**GERT TERBLANCHE** **VIERDE RESPONDENT**

**ATTIE KOK** **VYFDE RESPONDENT**

**REINETTE KOK** **SESDE RESPONDENT**

Coram: **MAJIEDT R** *et* **LACOCK R**

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die applikant vra die volgende regshulp aan in hierdie bestrede hersieningsaansoek:

1.1. Dat die besluit van die respondent om die applikant se aansoek om ‘n spesiale lisensie (binneverbruik) ten opsigte van Erf 98, Hertzogstraat 22, Hartswater, te weier, hersien en ter syde gestel word.

1..2 Dat die Hof respondent nr. 1 gelas om die applikant se aansoek om die spesiale lisensie (binneverbruik) ten opsigte van die perseel uit te reik, alternatiewelik dat die Hof die gemelde aansoek na respondent nr. 1 terugverwys vir oorweging en goedkeuring.

1.3 Dat die koste van hierdie aansoek deur respondent nr. 1

betaal word en indien respondente nrs. 2, 3, 4, 5 en 6 hierdie aansoek bestry, al die respondente gelas word om die koste van die aansoek te betaal, gesamentlik en/of afsonderlik.

2. Die applikant is die houer van 'n dranklisensie, meer bepaald 'n restaurant dranklisensie ten aansien van die *Baron's Galley & Lodge* in Hartswater. Die onderhawige aangeleentheid handel oor 'n aansoek vir 'n spesiale lisensie (binneverbruik) wat die applikant ingedien het vir gebruik in die stadsaal van Hartswater wat die applikant huur vanaf die Munisipaliteit. Dit blyk uit die stukke dat die applikant die stadsaal huur alreeds vanaf 1994. Die stadsaal word primÍr aangewend deur die applikant vir die hou van onthale, danse, konferensies en vergaderings. By dié geleenthede word feitlik sonder uitsondering gespysenier en is daar volgens die applikant 'n behoefte

by klante geÔdentifiseer om alkoholiese drank te geniet tydens hierdie geleenthede.

3. Die applikant voer aan dat daar 'n bepaalde behoefte bestaan vir die voorsiening van drank in die stadsaal by die hou van hierdie geleenthede soos voormeld, welke behoefte hy huidiglik moet bevredig deur die verkryging van tydelike lisensies op 'n *ad hoc*-basis wanneer daar funksies in die stadsaal gehou word.

4. Die applikant het gevolglik op 2 Maart 2001, kragtens die bepalings vervat in artikel 19 van die Drankwet, Wet 27 van 1989 (hierna "*die Drankwet*") aansoek gedoen by die eerste respondent vir 'n spesiale lisensie (binneverbruik) ten aansien van Erf 98, Hertzogstraat 22, Hartswater (die stadsaal). Die derde, vyfde en sesde respondente het beswaar aangeteken teen die applikant se voormelde aansoek, terwyl die vierde respondent, wat langsaan die

stadsaal woon, dit ondersteun het.

5. Die aangewese polisiebeampte het 'n geskrewe verslag ingedien kragtens die bepalings vervat in artikel 140(a) van die Drankwet. Daarvolgens is die SA Polisiediens van geen feite bewus waarom die applikant se aansoek vir die bepaalde dranklisensie nie toegestaan kan word nie.

6. Die eerste respondent het die applikant se aansoek, sowel as die besware waarna ek alreeds verwys het, aangehoor op 17 Augustus 2001 en het daarna sy beslissing voorbehou. Op 3 Oktober 2001 is die applikant per skrywe deur die eerste respondent ingelig dat sy aansoek afgewys is omrede die eerste respondent van oordeel was dat daar geen behoefte vir 'n verdere drankafsetpunt in Hartswater bestaan nie. Dit is die voormelde besluit van die eerste respondent wat die

applikant op hersiening neem.

7. Artikel 131 van die Drankwet magtig hierdie Hof om 'n besluit van die bevoegde gesag, soos wat die eerste respondent hierin is, te hersien

"............... slegs indien die hof oortuig is-

(a) dat die bevoegde gesag sy of haar bevoegdhede oorskry het of geweier het om 'n bevoegdheid uit te oefen wat hy of sy verplig was om uit te oefen of 'n bevoegdheid op 'n willekeurige of mala fide- of uiters onbillike wyse uitgeoefen het; of

(b) waar daardie besluit deur die Raad geneem is, dat 'n lid van die Raad wat ingevolge artikel 10 gediskwalifiseer was om in die Raad sitting te hÍ, by die oorweging van die aangeleentheid ten opsigte waarvan die besluit geneem is, aldus sitting gehad het."

Dit is gemeensaak dat hierdie hersieningsaansoek gebring is op grond van die bepalings vervat in artikel 131(a) *supra* van die Drankwet.

8. Die applikant steun baie swaar in sy stukke daarop dat die eerste respondent waningelig was met betrekking tot die aard van die applikant se besigheid, en daarmee gepaardgaande, die doel waarvoor die spesiale lisensie (binneverbruik) aansoek gedoen was. Die applikant doen ook verder aan die hand dat die besware wat daar is teen die aansoek, óf gegrond is op 'n vrees vir kompetisie, óf heeltemal ongefundeerd is. Die applikant voer ook aan dat die eerste respondent se weiering om sy aansoek toe te staan, die applikant se grondwetlike reg om aan die vrye handelsverkeer deel te neem, heeltemal inkort.

9. Die tweede respondent het, ten behoewe van die eerste respondent, in die opponerende eedsverklaring volledige redes verskaf waarom die applikant se aansoek afgewys was. Hierdie redes kan as volg saamgevat word:

a. Die eerste respondent was van oordeel, na

oorweging van al die beskikbare feite en omstandighede, dat daar geen openbare behoefte bestaan in Hartswater vir die uitreiking van ‘n permanente lisensie soos wat die applikant voor aansoek gedoen het nie. Hierdie oordeel is gevel aan die hand van die volgende faktore:

i) die aantal en soorte dranklisensies wat alreeds bestaan in Hartswater opgeweeg teen die grootte van die bevolking van die dorp;

ii) dat die behoefte vir ‘n dranklisensie om drank tydens funksies by die stadsaal te kan voorsien, heeltemal adekwaat ontmoet kan word deur die uitreiking van tydelike lisensies op ‘n *ad hoc*-basis.

b. Die eerste respondent het ook die besware wat daar geopper was in oorweging geneem en tot die

bevinding gekom dat nabygeleë inwoners aan die stadsaal benadeel sal word deur die uitreiking van die lisensie spesifiek ten aansien van 'n toename in geraas en rommelstrooiery in daardie gebied.

c. Die eerste respondent was ook die mening toegedaan dat aangesien ekonomiese aktiwiteite in die Hartswater gebied aan die afneem was, daar 'n gepaardgaande afname in 'n behoefte vir 'n verdere drankafsetpunt teweeggebring word.

d. Die eerste respondent het deeglike oorweging geskenk aan die beginsels van 'n vrye markstelsel teenoor die statutÍre plig wat daar op die eerste respondent rus om drankafsetpunte te beheer in die openbare belang ten einde toe te sien dat drank ordelik versprei word.

e. Laastens het die eerste respondent deeglik in aanmerking geneem die applikant se reg om vrylik deel te neem aan die handelsverkeer. Die tweede respondent verklaar dan dat die eerste respondent, met inagneming van al hierdie voormelde faktore, tot die belsissing gekom het dat die openbare belang beter gedien sal word indien die aansoek vir die spesiale lisensie (binneverbruik) afgewys sou word.

10. Dit is duidelik, na aanhoor van die betoë van die onderskeie regsverteenwoordigers hierin, dat die kernvraag in hierdie aansoek handel oor die beweerde behoefte wat daar in Hartswater bestaan vir die voorsiening van alkoholiese drank tydens funksies by die stadsaal en daarmee saam die wenslikheid om ‘n spesiale lisensie (binneverbruik) op ‘n permanente basis uit te reik aan die applikant.

11.1 In sy funderende stukke maak die applikant ook melding daarvan dat hy gedurende 1997 suksesvol aansoek gedoen het by die eerste respondent vir die uitbreiding van sy bestaande perseel se lisensie by die *Baron's Galley & Lodge* na die stadsaal. Hierdie vergunning is egter gedurende 2001 teruggetrek deur die eerste respondent, wat ook toe die applikant meegedeel het dat die uitbreidingsaansoek foutiewelik toegestaan was.

11.2 Dit is gemeensaak tussen die partye dat die voormelde feite inderdaad korrek is, dit wil sÍ dat die applikant onder 'n uitgebreide lisensie drank verkoop het by die stadsaal vanaf 1997 tot 2001 en dat daardie vergunning wat aan hom uitgereik is ingevolge die bepalings vervat in artikel 42 van die Drankwet, *ultra vires* deur die eerste respondent gedoen is, aangesien die eerste respondent klaarblyklik onder die verkeerde indruk verkeer het dat die stadsaal deel was van die applikant se bestaande perseel by die *Baron's Galley & Lodge*. So terloops moet ek dit vermeld dat dit kwalik verstaanbaar is hoe die eerste respondent so 'n gruwelike fout kon begaan, aangesien dit baie duidelik blyk uit die applikant se destydse

aansoek ingevolge artikel 42 van die Drankwet wat by sy funderende stukke aangeheg is, dat die uitbreiding aangevra is ten aansien van twee verskillende persele met verskillende erfnommers. Hoe dit ookal sy, ek meen dat Mnr. De Jager, wat namens die applikant hierin voor ons verskyn, korrek is in sy submissie dat dit as 'n feit in aanmerking geneem moet word by hierdie hersieningsaansoek, dat die applikant vanaf 1997 tot 2001 drank voorsien het by funksies, onthale en dies meer by die Hartswater Stadsaal ingevolge hierdie verkeerdelik uitgereikte uitgebreide lisensie. Dit is 'n faktor wat deeglik in aanmerking geneem sal moet word wanneer in besonder beoordeel word of daar inderdaad 'n behoefte bestaan wat deur so 'n spesiale lisensie (binneverbruik) bevredig moet word, soos wat die applikant beweer.

12. Dit is opvallend dat die applikant in sy funderende stukke nÍrens enige besonderhede verskaf van hoeveel funksies daar gehou was vanaf die tydperk Januarie 2001 tot Augustus 2001, by welke funksies daar 'n behoefte was van klante om alkoholiese drank te gebruik nie. Die stukke wemel van vae beweringe dat daar so 'n aanvraag bestaan, dat die Stadsaal enig in sy soort is wat betref die

hou van onthale en dies meer, en dat die applikant verplig is om by elke geleentheid toe te sien dat aansoek gedoen word vir 'n tydelike dranklisensie om in sy klante se behoeftes te voorsien.

Dit is verder die applikant se saak dat dit ongerieflik en duur is om by elke geleentheid aansoek te moet doen vir 'n tydelike dranklisensie by die plaaslike landdros en dat daar bowendien altyd onsekerheid bestaan of so 'n tydelike dranklisensie toegestaan sal word al dan nie. Die applikant voer derhalwe aan dat, gegewe die behoefte wat daar bestaan by die publiek van Hartswater, die eerste respondent se besluit om die aansoek af te wys óf willekeurig óf *mala fide* óf uiters onbillik of onredelik was.

14.1 Ek het alreeds vroeër hierin uitgewys dat die applikant sterk steun daarop dat die respondent waningelig was ten aansien van die aard van die applikant se besigheid. Die

applikant maak dié aanname op grond daarvan dat die eerste respondent na bewering bloot gekyk het na die aantal bestaande dranklisensies te Hartswater en toe goedsmoeds die aansoek afgewys het.

14.2 Die eerste en tweede respondente betwis dit in hul opponerende stukke. Hulle ontken ook ten sterkste dat daar inderdaad so 'n behoefte bestaan soos wat die applikant dit wil hÍ. Dié betrokke respondente heg ook 'n eedsverklaring aan van ene Inspekteur De Klerk van die Suid-Afrikaanse Polisiediens verbonde aan die Narkotikaburo hier te Kimberley. Daarvolgens blyk dit uit navrae wat hy gemaak het op 16 Augustus 2002 by die landdroshof te Hartswater, dat slegs sewe tydelike dranklisensies aan die applikant uitgereik is ten aansien van die stadsaal vanaf Februarie 2001 tot en met Oktober 2001. Dit blyk verder uit dié eedsverklaring dat daar ten aansien van die tydperk Januarie 2001 tot en met Augustus 2001 (toe die applikant se aansoek aangehoor was deur die eerste respondent) slegs vyf sodanige tydelike dranklisensies uitgereik is. Die eerste respondent maak dit duidelik in sy opponerende eedsverklaring dat dié betrokke gegewens nie tot sy beskikking was toe hy die applikant se aansoek aangehoor het op 17 Augustus 2001 nie en dat hy dit bloot voorhou as 'n

antwoord op die applikant se aanname dat daar ‘n ernstige behoefte bestaan by die publiek van Hartswater vir so ‘n spesiale lisensie (binneverbruik) by die stadsaal.

14.3 Die applikant het gepoog, nadat hy ‘n repliserende eedsverklaring geliasseer het, om ‘n verdere eedsverklaring van die voormelde Inspekteur De Klerk aan ons voor te hou. Hierdie verklaring is egter deurgehaal, aangesien Mnr. De Jager namens die applikant toegegee het dat dit ‘n onreëlmatige stap daarstel in die verrigtinge. Hoe dit ookal sy, meen ek dat Advokaat Bester wat namens die eerste en tweede respondent voor ons verskyn het, heeltemal korrek is in haar submissie dat die gegewens verskaf in De Klerk se eedsverklaring die tweede respondent se aanname in sy opponerende eedsverklaring onderskraag dat daar inderdaad nie so ‘n behoefte bestaan by die publiek van Hartswater soos wat die applikant aanvoer nie.

15. Die eerste respondent is ‘n administratiewe orgaan wat sy ontstaan en bevoegdhede ontleen suiwer vanuit ‘n statuut (die Drankwet). Artikel 22 van die Drankwet sit uiteen hoedat ‘n orgaan, soos die eerste respondent hierin, ‘n aansoek om ‘n lisensie moet oorweeg. Die bepaalde artikel lui as volg:

"(1) 'n Aansoek om 'n lisensie (uitgesonderd 'n tydelike dranklisensie en geleentheidslisensie) word deur die Raad oorweeg, en hy kan-

(a) die aansoek weier; of

(b) die aansoek toestaan.

(2) Die Raad staan nie 'n aansoek kragtens subartikel (1) (b) van hierdie artikel of artikel 15 (1) (a) (iii) toe nie-

(a) om 'n wynboerlisensie, tensy die perseel ten opsigte waarvan die aansoek gedoen word, geleë is op 'n ander plek as die plek waar die betrokke drank vervaardig word;

(b) om 'n spesiale lisensie, tensy daar buitengewone omstandighede bestaan wat die verlening van die lisensie regverdig;

(c) om 'n produsentelisensie, tensy die perseel ten opsigte waarvan die aansoek gedoen word, geleë is op of by die grond, sentrale kelder, fabriek of brouery waar die betrokke drank vervaardig word;

(d) om enige lisensie-

(i) tensy-

(aa) ......

(bb) die perseel geskik is of by voltooiing geskik sal wees vir die doeleindes waarvoor dit kragtens die lisensie gebruik sal word;

(cc) indien die perseel in die nabyheid van 'n plek van aanbidding of skool of in 'n woongebied geleë is, die besigheid voortgesit sal word op so 'n wyse dat die verrigtinge in daardie plek van aanbidding of skool nie gesteur of die inwoners van daardie woongebied nie benadeel sal word nie;

(dd) die betrokke aansoeker van goeie gedrag is en andersins geskik is om die houer van die lisensie te wees;

(ee) die verlening van die lisensie in die openbare belang is;

(ii) indien die moontlikheid bestaan dat die toestaan van die aansoek 'n skadelike monopolistiese toestand in die drankhandel of 'n vertakking daarvan kan laat ontstaan of vererger."

Van bepaalde belang in hierdie aangeleentheid is artikel 22(2)(d)(i)(ee) *supra*, aangesien dit gemeensaak tussen die partye is dat dit eintlik maar die enigste basis is waarop die eerste respondent besluit het om nie die applikant se aansoek toe te staan nie. In **Asko Beleggings v Voorsitter van die Drankraad N.O. 1997(2) SA 57 (Nk)** te 66 H – 67 F, het Steenkamp R (soos hy destyds was) die begrip "openbare belang" breedvoerig bespreek. Hy kom tot die slotsom te 67 E-F dat openbare belang in die bepaalde wetsartikel uitgelÍ moet word om te beteken in daardie saak dat die toestaan van die lisensie in die belang van die gemeenskap van Hartswater moet wees (in daardie saak het dit toevallig ook gegaan oor die besluit van die Drankraad om 'n aansoek vir 'n lisensie vir Hartswater af te wys). Ek is dit eens met dié benadering van die geleerde regter soos voormeld aangehaal. In **Maharaj v Chairman Liquor, Board 1997(1) SA 273 (N)** te 281 G-J het Nicholson R ook die betrokke konsep van openbare belang

onder die loep geneem. Hy stel dit as volg:

> "It is of course essential to determine what the phrase 'in the public interest' means. Paraphrasing the dicta in a number of cases it may be said to be encapsulated in the following propositions:
>
> (a) It does not mean that the public whose interest is to be served is necessarily to be widely representative of the general public.
>
> (b) It means that the public would be better served if the applicant were granted the licence than that the existing state of affairs was to continue.
>
> (c) It is not the national interest that is intended but that of the inhabitants in the areas for which the licence is sought or visitors to that area."

Wat die onderhawige aangeleentheid aanbetref meen ek dat dit 'n belangrike faset is van die begrip "openbare belang" soos uiteengesit in artikel 22 van die Drankwet, *supra*, dat die eerste respondent verplig is om ter beskerming van die publiek van Hartswater te weier om 'n aansoek vir 'n spesiale lisensie (binneverbruik) toe te staan waar daar nie 'n behoefte aan so

'n bepaalde lisensie bestaan nie. Na my mening het die applikant versuim om voor die eerste respondent voldoende feite en/of omstandighede aan te voer waarom die behoefte om by bepaalde geleenthede drank te verskaf aan klante tydens funksies, onthale, vergaderings en dies meer nie voldoende aangespreek kan word deur die uitreiking van tydelike lisensies op 'n *ad hoc*-basis nie. Dit is tog, per slot van sake, die applikant wat 'n behoefte vir 'n spesiale lisensie (binneverbruik) moes aantoon voor die eerste respondent. Die eedsverklaring van inspekteur De Klerk wat by die respondent se opponerende stukke aangeheg is, en waarna ek alreeds verwys het, ondersteun ten volle, na my mening, die eerste respondent se bevinding dat die applikant sy besigheid by die stadsaal voldoende kan bedryf en drank kan voorsien aan klante op 'n *ad hoc*-basis deur gebruikmaking van tydelike lisensies. Indien daar 'n groter behoefte bestaan het sou 'n mens tog verwag het dat daar baie meer aansoeke vir tydelike

lisensies as net die vyf waarvan ek alreeds melding gemaak het, moes wees.

By 'n aansoek soos die onderhawige is dit nie hierdie Hof se taak om te beslis of hy self die lisensie sou toegestaan het al dan nie. Hierdie Hof se taak is suiwer om te bepaal of daar gronde vir hersiening is van die eerste respondent se besluit, of sodanige gronde nou spruit uit hoofde van die gemene reg of uit artikel 131 van die Drankwet of ingevolge die bepalings vervat in die *Promotion of Administrative Justice Act*, 3 van 2000, die bepalings waarvan wel van toepassing is in 'n saak soos die onderhawige (sien hieraangaande **Bulk Deals Six CC and Another v Chairperson, Western Cape Liquor Board and Others 2002(2)SA 99 (K)** te 106 B).

Inaggenome al die omstandighede en uit hoofde van die voorafgaande is ek die mening toegedaan dat daar geen basis is waarop hierdie Hof regtens op hersiening kan inmeng met die besluit van die eerste respondent nie.

Wat koste aanbetref het Mnr. De Jager halfhartig aangevoer dat, indien die aansoek van die hand gewys word, ons behoort te gelas dat elke party sy eie koste moet betaal, aangesien die klankbande wat gebruik was by die aanhoor van die applikant se aansoek op 17 Augustus 2001, onhoorbaar is en nie getranskribeer kon word nie. Volgens Mnr. De Jager het dit die

applikant gekniehalter in hierdie hersieningsaansoek. Hierdie betoog beÔndruk my glad nie en kan ek my beswaarlik voorstel hoe die applikant benadeel was in die voorbereiding van sy hersieningsaansoek met hierdie terkortkoming in die verrigtinge. Mnr. De Jager het toegegee, en dis te verwagte dat dit die geval moet wees, dat daar by die aanhoor van die applikant se aansoek voor die eerste respondent uitsluitlik gebruik gemaak was van die geskrewe stukke wat ook voor ons geplaas is, welke geskrewe stukke bloot nader toegelig is in betoog deur die applikant se verteenwoordiger voor die eerste respondent. Gevolglik meen ek dat koste die uitslag moet volg, soos wat normaalweg die geval is.

**By gevolg word die applikant se aansoek met koste van die hand gewys.**

_____________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

____________

**HJ LACOCK**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPLIKANT | : | MNR. C.J. DE JAGER |

NAMENS RESPONDENTE : ADV. A. BESTER

PROKUREUR NAMENS EISER : ENGELSMAN, BENADE & VAN DER WALT ING.

PROKUREUR NAMENS VERWEERDER : MNRE. MANKOE EN MAGABANE

DATUM VAN VERHOOR : 2003-03-19

DATUM VAN UITSPRAAK :